

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Franciskus van Assisi

## 4 Oktober

(1182-1226)

Dit bly die groot uitdaging van ons tyd hoe om in harmonie met die hele skepping en ons medemens te lewe. Soos die sigbare gevolge van ons slegte verhoudinge al hoe meer in ‘n katastrofe ontaard, word die leefstyl en voorbeeld en wysheid van die heilige Franciskus al hoe belangriker vir ons eie oorlewing. Hy was die losbandige koopmanseun wat aanvanklik ’n egoïstiese leefwyse nagejaag het en in die donker verskrikking van geweld en oorlog tot sy sinne gekom het. Van toe af leef hy in harmonie met God en die natuur en alle mense. Sy radikale manier van lewe inspireer al honderde jare mense binne, sowel as buite, die Kerk. Sy verfrissende eenvoud bly ’n hoopvolle teken dat die mens wel terug kan keer na harmonie met die natuur, na ‘n diep verhouding met God en egte naasteliefde.